

Woensdag Brief 5 Augustus 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Weereens herinner ek almal daaraan dat die Woensdag Brief betrokkenheid ten doele het oor enige iets van toepassing. Só het ek van kollega dr. Philip Venter 'n inset ontvang oor die klem en oortuiging in 'n boodskap en nabetragting, waarvoor ek beide verantwoordelik was, op beleving as 'n noodnigheid vir 'n gemeente se dinamika. Sulke bydraes is insiggewend en ek nooi meer mense uit om bydraes te maak. Dit sal immer as opbouend beskou word. Bydraes is altyd tot hulp en ek plaas dit nie sodat 'n debat daarvoor kan of moet plaasvind nie, maar om insigte te verbreed. Hierdie een het in elk geval my insigte verbreed en ek beleef dit as waardevol.

Dr Philip piets die liturg en nabetragter netjies oor die vingers en dít is die vreugde van broederskap. Maar van veel meer van belang is dat hy diepsinnige en toepaslike wysheid vir sy oortuigings aanbied.

Goed gedaan Kollega!

Hier volg dr. Philip se bydrae:

Die boodskap van afgelope Sondag [26 Julie 2020] was onomwonde 'n skriftuurlike regverdiging en pleidooi vir die voortbestaan van ons gemeente.

Uit 'Nabetragting' [Woensdag 29 Julie 2020] haal ek die voorgestelde grootste behoefte van kerkgangers

aan: "...wat ons kan noem beleving".
Beleving is veel-dimensioneel; as
behoefte so divers soos die
persoonlikhede van die mense van die
gemeente; infuseer deur sosiale media,
en heersende tendense, so
onbepaalbaar soos die weer.

Een ding het ek egter deur 40 jaar
geleer: die grootste verwagting van 'n
beleving lê in die emosionele en
rasionele impak van die boodskap
(preek). Terselfdertyd bied die
boodskap (preek)-voorreg 'n
onmeetlike geleentheid aan 'n leraar
om 'n verskil te maak, atmosfeer te
skep, harte te raak, sin te bring,
waarde toe te voeg, kortom: om iemand
te laat voel dit was die moeite werd om
te kom, en dis die moeite werd om die
gemeente te help voortbestaan.

Bowendien is die prediker gewoonlik
ook die liturg. Liturgie, myns insiens,
skep nie op sigself beleving nie. Dit kan
alleen belewenisvol ervaar word as dit
opbou tot en bydra tot die impak van
die boodskap (preek). En die naloop
(liturgiese beleving) daarvan.

Dus, geagte nabetragter, niemand kan
verwag dat die voortbestaan van 'n
gemeente beleving gaan skep nie.
Mense sonder beleving in moderne tye
verander maklik van gemeentelike
lojaliteit.

Die voorreg van gemeentewees rus ook
nie in die geleentheid vir samekoms en
sosiale verkeer nie. Dit rus in die impak
wat die prediker se boodskap op die
harte en sinne van die toehoorders het.
Om te preek oor die redes waarom 'n
gemeente moet voortbestaan, is om die
kar voor die perde te span. //Einde van
bydrae

Mooiloop tot volgende keer.